ARISE LIBYA

'n Jaar van Gebed
1 Jan. – 31 Des. 2015

Die Nag van Krag

13 Julie 2015

Tydens dié maand van Ramadan is Libiese Moslems ywerig aan die vas en op soek na God. Veral een nag, die Nag van Krag, is die heiligste nag van die jaar. Hierdie dag herdenk die eerste nag toe die Koran onthul is aan die profeet Mohammed. In 2015 word die Nag van Krag op 13 Julie verwag. Die dag kan verander, afhangend van maanbesigtiging wat nader aan die voorgestelde dag gedoen word.

Die Koran sê 'n mens se godsdienstige handelinge op dié nag is "beter as 1000 maande". Dus sal baie Libiërs die hele nag wakker bly en bid. Hulle sal na God roep om sy seën en rigting vir hul lewens te verkry.

Laat ons saam vra dat baie in die Nag van Krag 'n openbaring van Jesus sal kry, 'n openbaring wat inderdaad soveel werd is soos 1000 maande van regte optrede!

Bid vir:

- Libiërs om die teenwoordigheid en waarheid van God in Christus te ervaar
- Die vorming van gesonde gemeenskappe wanneer Libiërs hulle na Jesus wend
- Libiërs om 'n leefstyl van intimiteit met God op te bou wat verder sal strek as die maand van Ramadan en Nag van Krag